**27 Mei 2020 Vreesloos 7: wat is die ergste wat kan gebeur? Woensdag**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Opsomming van al die dienste sover

**Donderdagoggend** het ons gesels oor die een vrees wat sin maak: vrees vir God. Ons probeer God in boksies sit, maar hoe groter God is, hoe kleiner ons vrese.

**Vrydagoggend** het ons die verhaal gelees van Jesus wat die storm stilmaak. Vrees maak dat ons nie op God vertrou nie, maar sekuriteit aanbid. Tog is dit die opdrag wat Jesus die meeste gee (meer as die opdragte tot liefde): moenie bang wees nie.

**Saterdagoggend** het ons gesê dat ons almal wil voel dat ons maak saak. Tog het ons die gevoel dat ons nie saak maak, nie liefde werd is nie – ons het die beeld van die vyfde mossie gebruik. Dis 'n selfvervullende profesie. Ons het waarde by God! God gee vir ons genoeg om – hy tel selfs die hare op ons kop.

**Sondagoggend** het ons gevra: "Wat as ek God teleurstel?" Ons het gesê jy hoef nooit bang te wees dat God se genade gaan opdroog, dat dit 'n eindpunt gaan bereik nie

**Maandagoggend** het ons gehoor dat ons nie moet fokus op aardse rykdom en ons veiligheid en sekuriteit daarin vind nie, maar eerder God moet ken in ons daaglikse **lewe, Hom moet vertrou met alles en alles in Sy herders hande plaas…**

**Dinsdagoggend** het ons vir mekaar gesê kyk na Jesus en hou jou oë op Jesus, moenie vaskyk in die storms nie, Kyk na Jesus, want Hy is hier

**Vanoggend gaan ons gesels oor die vraag wat is die ergste wat kan gebeur?**

NOU!

Enige iemand kan bestuur as hulle op hul pa se skoot sit. En enige iemand kan bid as hulle op hul Pa se skoot sit. Gebed is om op God se skoot te sit en ons hande op Sy stuurwiel te sit. Hy sal die spoed en die skerp draaie hanteer. Maar ons kan met

hom praat.  Ons kan vra:  neem hierdie beker weg.  Hierdie siekte; hierdie finansiële krisis; hierdie gevaar en haat en konflik; hierdie droogte. Dis al wat gebed is.

**Skriflesing: Markus 14:35-36**

| | |
|---|---|
| 35 | Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond gaan kniel en gebid dat, as dit moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie. |
| 36 | Hy het gesê: “Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.” |

**Preek**

Wat is jou grootste vrees?  Soms is dit soos monsters onder die bed, maar meestal is dit gebore uit legitieme bekommernis.  Vrees vir misdaad in ons land vrees dat iets ergs gaan gebeur met ons of ons kinders. So kan mens baie dinge opnoem waarvoor ons bang is.

Maar, wanneer ons nie ons vrese hanteer nie, raak dit 'n obsessie. Daar is 'n verskil tussen 'n vrees en 'n fobie, of paranoia.  Kom ons praat eerder van “omsigtigheid” as vrees.

- Omsigtigheid maak dat jy 'n sitplekgordel dra.
- **Paranoia maak dat jy motorkarre vermy.**
- Omsigtigheid spaar vir jou oudag.
- **Paranoia “jy hou alles vir jouself”, dat jy selfs nie eers gemors weggooi nie.**
- Omsigtigheid beplan.
- **Paranoia paniekerig**.
- Omsigtigheid staan langs die kant van die swembad, kyk die situasie uit, hoe koud is die water, hoe diep, hoe goed kan ek swem – en duik.
- **Paranoia bly altyd op die rand van die swembad**.

**<u>Wat as die ergste wat kan gebeur?</u>**

Ek wil jou nooi om vanoggend saam met my te kyk wat Jesus doen wanneer die ergste gebeur.

- Toe Jesus sy eie vrees in die gesig moes staar.
- Jesus het sy vrees in die gesig gestaar die Donderdagaand voor sy dood, die dood aand die kruis.

Markus 14:35-36

“Ontsteld en beangs”. Die BDV sê “erg beangs”. OAV “ontsteld en benoud”.

**Jesus was doodsbang.**

Dis Jesus se worst-case scenario: om aan die ontvangkant van God se toorn te wees, om van God verlate te wees.

Wat doen Jesus met sy vrees, sy doodsangs?

- Hy bid.
- Hy staar sy diepste vrees in gebed in die gesig.
- 'n Gewone, eenvoudige gebed.

**Familie en vriende: Ons maak twee foute wanneer ons ergste vrees in gesig staar:**

Ons bid nie! Ons praat bv. hoeveel oor die situasie– maar hoe gereeld bid ons oor die situasie?

Ons maak gebed te kompleks! Waar jy bid, hoe om te bid, liggaamsposisie, plek, die woorde wat jy gebruik.

Jesus bid 'n kort, reguit, eenvoudige gebed, met vertroue: “nie my wil nie, maar u wil”. Dis eintlik meer soos 'n kindergebedjie. Jesus sê: “Abba.” Pappa.

Enige iemand kan bestuur as hulle op hul pa se skoot sit. En enige iemand kan bid as hulle op hul Pa se skoot sit. Gebed is om op God se skoot te sit en ons hande op Sy stuurwiel te sit. Hy sal die spoed en die skerp draaie hanteer. Maar ons kan met Hom praat. Ons kan vra: neem hierdie beker weg. Hierdie siekte; hierdie finansiële krisis; hierdie gevaar en haat en konflik; hierdie droogte. Dis al wat gebed is.

Dit is daardie gebed wat vir Jesus gehelp het om sy grootste vrees in die gesig te staar.

Jy kan dieselfde doen. Jy kan met jou monsters baklei. Daardie aaklige vrese wat jou wil insluk: praat met God daaroor.

Jy het ‘n Hemelse Vader wat vir jou uitkyk daarom kan jy vir Hom sê:

- “Abba, Beskerm my, voorsien asb, genees asb.

Wees spesifiek oor jou vrese. Praat met God daaroor.

Gebed is daarom belangrik in ‘n tyd so hierdie – juis om ons vrese en bekommernis by die naam vir God uit te spel, is geestelike oorlogvoering. Dis 'n manier om magte en kragte bloot te lê, hulle mag te ontneem.

Jesus het sy vrese publiek gemaak.

**Hebreërs 5:7**

Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, ... gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane.

Daar staan geskrywe:

| | |
|---|---|
| 7 | Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. |

Jesus het hard genoeg gebid dat ander dit kon hoor en kon neerskryf. Jesus het sy geloofsgemeenskap gevra om saam met hom te bid.

Dit is deel van die taak van die kerk.

- Om saam te bid
- Vir mekaar te bid
- Mekaar moed in te praat
- Mekaar te ondersteun

Ons het die wapen van gebed.

Ons het die wapen van geloofsvriende.

Ons het nog 'n wapen:  ons weet hoe die storie gaan eindig.

Jesus het opgevaar na die hemel, Hy sit op die troon.  Jesus regeer.

**Daarom skrywe Paulus in die brief**

**In Romeine 8:28 staan steeds in die Bybel:**

**28. Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.**

- Ons probleme was nog altyd God se geleenthede.
- Die ontvoering van Josef lei tot die behoud nie net van Egipte nie, maar van sy familie en die ganse Joodse volk.
- Jesus se verhaal is die verhaal van 'n jong meisie se ongehude swangerskap en 'n onregverdige moord deur die staat.

Paulus skryf sy laaste woorde uit die put van 'n Romeinse tronk, vasgeketting.

Die lewe is gevaarlik.

Daarom moet ons ten alle tye ons oë gevestig hou op Jesus en nie daarvan afwyk nie.

Daarom moet ons steeds in donker tye vashu aan die beloftes van die Here.

Daarom wanneer ek en jy die grootste vrese van die lewe in die gesig staar kan ons ook op ons knieë gaan en bid:

**“Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.”**

Amen **Gebed Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.